



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die derde verslag vanjaar.

Politiek

- Die Midde-Oosterse situasie wil nie van die radarskerms verdwyn nie – niesteenstaande die pogings van die huidige voorsitter van die VN se Veiligheidsraad. Die aanduidings is dat dit ook nie in die afsienbare toekoms sal verdwyn nie en sal dus nog lank die politiek en olieprys beïnvloed.
- Somalië is steeds in die greep van wanorde en beïnvloed ook die stabiliteit van omliggende lande.
- Gelukkig het die situasie in Zimbabwe volgens sommige waarnemers steeds nie tot die mate verswak dat dit meer as stilswyende waarneming verg nie! Volgens ons gewone waarnemers kan dit wel die Suider-Afrikaanse omgewing in komende maande versteur.

Internasionaal

- Die afgelope maand het die optimisme oor voortgesette groei in die wêreld ekonomie plek gemaak vir vrese dat die probleme in die subprima huismark die res van die VSA ekonomie tot so 'n mate kan benadeel dat dit in 'n resessie kan beland. Die jongste vergadering van die Federale Reserweraad in die VSA het egter nie die huismark as 'n faktor gemeld wat die ekonomie tot 'n groot mate negatief kan beïnvloed nie. Verder is die aanduiding gegee dat inflasie nie dringende aandag verg nie, maar dat dit steeds 'n bepalende faktor in beleidsbepaling sal wees. Intussen is die aanduiding dat die Euroland ekonomie goed op dreef is en bly, maar dat die Japanse ekonomie steeds nie op al die silinders vuur nie. Nogtans word hierdie ekonomie ondersteun deur voortgesette sterk uitvoere en investering.
- Inflasie bly in al die groot nywerheidslande redelik goed onder beheer. In die VSA met so te sê volle indiensneming, minimum lone wat styg en brandstofpryse wat op hoë vlakke bly, sal die owerhede die inflasiekoers in komende maande steeds fyn moet dophou. In die VK en Euroland is die sentrale banke ook steeds bekommerd oor die inflasieneigings, terwyl Japan hoop dat inflasie in die res van die jaar positief is.
- VSA korttermynrentekoerse sal na verwagting stabiel bly tot minstens die middel van die jaar. Kommentators is steeds daarvoor verdeeld of rentekoerse in die tweede helfte van die jaar sal styg of daal – dit sal daarvan afhang of die probleme in die huismark of inflasie die meeste aandag sal verg. In die VK word verwag dat korttermynrentekoerse verder sal styg tot selfs 'n vlak van 5.75% van die huidige 5.25%. In Euroland word verwag dat hierdie rentekoerse tot 4% en selfs ietwat meer teen die einde van die jaar of vroeg in 2008 sal styg. In Japan word 1.0% rentekoerse teen die einde van die jaar of vroeg 2008 verwag indien die ekonomie aanhou groei.
- VSA langtermynrentekoerse het die afgelope paar weke verder gedaal weens die vrees dat die huismark 'n verdere negatiewe impak op groei sal hê. Die koerse het verder versag weens die groter vraag na staatseffekte in die tyd van internasionale politieke en finansiële onsekerhede. In die VK, Euroland en Japan word verwag dat hierdie rentekoerse wel deur die verdere styging van korttermynrentekoerse hoër gedwing kan word.
- Niesteenstaande pogings om veral investering in die Chinese ekonomie te demp deur onder andere rentekoerse te verhoog, word kommoditeite steeds ondersteun deur die voortgesette groei van hierdie



ekonomie. Die algemene kommoditeitsmarkte word verder deur voldoende likiditeit in die wêreld ekonomie ondersteun – veral weens die lae Japanse rentekoerse wat nie spoedig hoër sal beweeg nie. Dit sal nog geruime tyd die geval wees.

- Die goudprys vind ook ondersteuning deur die onsekere finansiële en politieke wêreldtoestande. Al hoe meer kommentators is tans van mening dat die goudprys in komende maande verder sal verstewig en selfs die \$1 000 vlak word as ‘n moontlikheid genoem. Hierdie vooruitskatting word gerugsteun deur die aanname dat likiditeit op hoë vlakke sal bly en dat sentrale banke wat verkopers van goud was nou ook as kopers tot die mark toetree. Hierdie mark is egter baie onstabiel en lewer geen opbrengs behalwe kapitaalwins nie.
- Die olieprys word tans beïnvloed deur die vermindering van VSA voorrade na die besondere koue sedert die begin van die jaar; die naderende vakansietydperk in die VSA; die Iranse probleem; die algemene onstabiele van die Midde-Ooste; die vermindering van produksie deur die OPUL lande; die hoë vlakke van likiditeit in die finansiële markte; en die algemene sterk groei van die wêreld ekonomie. Die langer as verwagte koue in die VSA en die Iranse onstabiele het voorkom dat die verwagting wat ek gehad het dat die olieprys nou en aan die begin van die tweede kwartaal sou verswak gerealiseer het. Die aanduiding is dat die olieprys in die res van die jaar rondom die \$60/vat kan skommel.

Plaaslik

- Binnelandse besteding bly sterk aan die gang en ondersteun ekonomiese groei. Hierdie besteding sal in die res van die dekade verder gestimuleer word deur die openbare sektor se spandering aan die herstel en uitbreiding van die infrastruktuur asook aan die voorbereiding van die sokkertoernooi. Die totale beplande besteding van meer as R400 miljard sal in elk geval nie in die oorblywende jare van die dekade bestee kan word nie en sal in die begin jare van die volgende dekade steeds groei ondersteun. Intussen sal privaatverbruiksbesteding ook sterk vertoon – veral indien die Reserwebank nie optree nie – en omdat indiensneming sal baat by al die projekte wat aangepak gaan word.
- Die buitelandse handel het in die vierde kwartaal verder verswak. Dit het die lopenderekening tekort vir die jaar laat toeneem tot R111.1 miljard teenoor die R58.4 miljard van 2005. Tot dusver word hierdie tekorte steeds deur die invloed van veral korttermyn buitelandse kapitaal finansier. Solank die internasionale likiditeit voldoende is, sal die invloed steeds kan plaasvind. Indien die politieke situasie in Zimbabwe egter verder verswak, of plaaslike politieke onstabiele tree na vore, kan dit veroorsaak dat die buitelandse finansiering verminder. Die diensterekening sal steeds negatief bly. Die tekorte op beide die handels- en lopenderekening van die betalingsbalans sal in 2007 en in die res van die dekade na verwagting toeneem.
- Die sentrale owerheid se finansies bly gesond en sal na verwagting in die komende jare hierdie neiging voortsit. Terwyl provinsiale owerhede se finansies ook onder beheer bly, kan dieselfde nie oor plaaslike owerhede gesê word nie en is daar geen oplossing in sig vir laasgenoemde se probleme nie. Dit kan wel tot politieke spanning lei in hierdie jaar waar ‘n nuwe leier vir die regerende party gekies word.
- Inflasie is tans besig om die wind van voor te kry wat dit in die res van die jaar en dekade aansienlik hoër kan druk. Die huidige droogte in veral die somerreënvalgebied; die tekort aan geskooldes; die oormatige kredietskepping; die voortgesette sterk privaatverbruiksbesteding; die verwagte toename in die owerheidsektor se besteding; die tekort aan geskooldes; die sterk toename in die brandstofprys



aan die begin van April; en enige verswakking van die rand kan inflasie hoër druk. Ek is steeds van mening dat inflasie in die res van hierdie dekade hoër as verwag kan wees.

- Alhoewel die ekonomie voortgaan om stewige groei te toon en 'n toename in indiensneming verwag word, is werkloosheid steeds op onaanvaarbare vlakke. Die probleme van emigrasie van geskooldes en van MIV/vigs vind steeds nie noemenswaardige oplossings nie. Die probleme rondom opleiding en geskooldheid vind ook nie oplossings nie – veral as die Seta's se fondse nie reg aangewend kan word nie en dalk nog by sommige finansiële instellings permanent kan verdwyn.
- Die besluit van die Reserwebank om nie rentekoerse in Februarie te verhoog nie, het waarskynlik aan die verbruiker die sein gegee dat alles onder beheer is en dat besteding onverpoos voortgesit kan word. Weens hierdie besluit en die risiko's ten opsigte van inflasie in die res van die jaar, kan dit dalk meebring dat rentekoerse langer hoër sal moet neig as wat andersins die geval sou wees. My siening is steeds dat rentekoerse in die res van die jaar hoër behoort te neig.
- Langtermynrentekoerse baat steeds by die feit dat die sentrale owerheid 'n begrotingsurplus vanjaar sal hê. Die aanbod van staatseffekte sal dus beperk wees.
- Die rand se wisselvalligheid moet enige spekulant se droom wees. Die groot en groeiende tekorte op die buitelandse handelsrekening dui daarop dat die rand mettertyd verder behoort te verswak.

Beleggingsomgewing

- VSA en Japane korttermynrentekoerse sal tot minstens die middel van die jaar stabiel bly, terwyl Britse en Euroland koerse verder kan styg in hierdie periode. Likiditeit in die internasionale finansiële en kommoditeitsmarkte sal dus minstens in die eerste helfte van die jaar voldoende wees om hulle verder te ondersteun. Gesonde maatskappywinste in die groot nywerheidslande behoort ook nog aandeelpryse in hierdie periode te ondersteun.
- Langtermynrentekoerse in die VSA kan in komende weke steeds verder versag weens die vrese dat ekonomiese groei deur die huismark probleme benadeel kan word. In tye van internasionale politieke en ekonomiese onsekerhede sal die VSA staatseffekte ook in aanvraag wees. In die ander drie groot nywerheidslande kan hierdie rentekoerse steeds onder opwaartse druk verkeer in komende weke.
- Sentimente teenoor die dollar bly negatief, maar VSA rentekoerse bly hoër as die in ander nywerheidslande met die uitsondering van die VK. Alhoewel rentekoerse in die meeste ontluikende markte hoër is as die in die groot nywerheidslande, is die risiko's ten opsigte van die ontluikende lande wel hoër en is daar groter risiko's verbonde aan investering in hierdie markte – veral in tye van politieke en finansiële onstabieleit.
- Plaaslike korttermynrentekoerse behoort – volgens my siening – verder te styg in die res van die jaar.
- Langtermynrentekoerse word bevoordeel deur die gesonde sentrale owerheidsbegroting, maar kan wel hoër neig indien die vrese rondom hoër inflasie bewaarheid word.
- Die plaaslike aandeelpryse behoort in die res van die jaar steeds ondersteun te word deur gesonde groei in maatskappywinste en voldoende likiditeit.
- Die rand sal mettertyd die tekorte op die buitelandse handelsrekening weerspieël. Indien daar politieke onsekerhede in die res van die jaar op die voorgrond tree, kan die rand onder verdere druk kom teenoor die belangrike geldeenhede. Diversifikasie van beleggings na internasionale markte moet in gedagte gehou word.

Ulrich Joubert - 24 Maart 2007